


# STAAT VAN BELYDENIS



## INLEIDING

In 1995 het 'n aantal teoloë, ampsdraers en gelowiges van die NHKA 'n klein publikasie getitel: *'n Eietydse Getuienis op Hervormingsdag* uitgegee. In die publikasie word die stelling gemaak dat daar, teologies gesproke, 'n vurk in die pad van die NHKA as geloofsgemeenskap gesien kan word. Almal is opgeroep en vermaan om soos die kerk en sáám met die kerk te bely.

Hierdie oproep is met afwysende kritiek begroet en die indruk is geskep dat daar nie in die Kerk verskil mag word van die standpunte en opvattinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (KommAKV), die Dosentevergadering en die AKV nie. Dit is dan gerugsteun deur die knuppel wat verskuil is in Ordinansie 8.6 van die Kerkorde. Die werklike probleem naamlik dat die Belydenisskrifte van die kerk wat die leer van die kerk uitdruk weerspreek word, en dat die eenheid in die kerk daardeur versteur word, is na die publikasie van die *Eietydse Getuienis* nie weer hanteer deur kerklike vergaderings nie. Al wat gebeur het, is dat die kritiek op hierdie laksheid, ondanks die feit dat alle predikante die proponentsebelofte (Ordinansie 1.1.2) onderteken het, geïgnoreer is. Dit was opvallend dat die KommAKV van sy meerderheidsteun op die AKV gebruik gemaak het om so die indruk te vestig dat die waarheid dieselfde is as die mening van die meerderheid op die AKV. Dit het nogal laat dink aan die waarskuwende en afwysende woord van die NGB, art 29 ten opsigte van die valse (destyds: die Roomse) kerk: *"Die skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God."*

Ondanks die skouerophalende verbygaan van die *Eietydse Getuienis* het die steedsHervormers bly vashou aan die leer van die drie Formuliere van Eenheid wat nie beskou word as 'n "verkorte Bybel" nie, maar as die maatstaf waarmee gemeet moet word as die kerk as 'n geloofsgemeenskap wil bestaan en voortbestaan as deel van die een heilige algemene kerk soos ons dit bely.

Daarom maak ons as steedsHervormde predikante erns met die verpligtinge wat die ondertekening van die proponentseformule op ons lê en wat verder uitgespel word in die Bevestigingsformulier vir predikante. Daarby staan die ouderlinge en diakens onder ons vas by die opdrag wat hulle ontvang het en die beloftes wat hulle afgelê het by hulle bevestiging in hulle dienswerk, terwyl die gelowiges hulle belofte handhaaf wat hulle afgelê het toe hulle belydende lidmate geword het.

So gesien, verteenwoordig die steedsHervormers 'n leer wat nie afwyk van die drie Formuliere van Eenheid nie en staan ons juis as getuies dat dit die **inhoud van ons geloof is**. Daarin weet ons dat ons in die geloof verbind is aan die vadere wat ons voorgegaan het en wie se besluite en dade ons teen die agtergrond van hulle tyd

beoordeel sonder om hulle en hulle dade, ter wille van dienstigheid in ons tyd, óf te verketter óf te verdoem.

Vanuit hierdie oorwegings het ons in 2011 'n Beswaarskrif ingedien oor Beskrywingspunt 54 wat op die 69e AKV (54/69) aanvaar is en daarin gestel: Daardie besluit verloën nie net die Bybelse antropologie nie, maar die ganse Christelike soteriologie (verlossingsleer) en per implikasie die Bybelse leer oor God. Met die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) van Oktober 2011 is 54/69 gehandhaaf ondanks die besware wat daarteen ingebring is. Dit ten spyte van die feit dat alles in werking gestel is om die besluit te laat herroep.

Die pogings om die afwykende veranderinge in teologiese nadenke hok te slaan sluit in, maar is nie beperk nie, tot die volgende:

- Meer as 140 genotuleerde teenstemme.
- Uitgebreide regsadvies wat gratis aan die Kommissie beskikbaar gestel is.
- Talle gemeentes het hulself as Kerkrade en Gemeentevergaderings gedistansieer van die aanvaarding van 54/69.
- 'n Magdom skrywes is gerig aan die Kommissie wat vra dat die besluit herroep moet word.
- 'n Beswaarskrif is ingedien.
- Verskeie memoranda is in die Kerk gesirkuleer.
- Omvattende memoranda is nagevors, geskryf en beskikbaar gestel vir opname in die agenda vir die BAKV.
- Deelname aan die BAKV met oorgawe, ten spyte van ernstige voorbehoude.
- Byeenkomste is gehou om lidmate en ampsdraers bewus te maak van die krisis.
- Verskeie vergaderings van gemeentes en groepe is op versoek toegesprek.
- Inligtingstukke wat essensies aandui is versprei.
- Gesprekke met die Kommissie van die AKV (KommAKV).
- Gesprekke met die Bemiddelingskomitee in groot- en kleingroep.
- Pogings om 'n modaliteit in die kerk te vestig.
- Pogings om 'n vereniging na eie voorkeur te stig.
- Opvolggesprekke met die Moderamen en die Kommissie.
- Privaat gesprekke met lede van die Bemiddelingskomitee en die KommAKV.
- Die opsie om te doleer, is ondersoek.
- Verder is daar selfs deur middel van die terughou van heffings gepoog om die situasie aan te spreek.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat alles denkbaar en kerkregtelik moontlik in die stryd gewerp is om die AKV se swaai na liberale denke en teologie te rem of selfs te stuit. Die oortuiging leef by ons dat die nuwe rigting in sy kiem reeds die

ondergang van die tradisionele NHKA bevat. Om deel te bly van hierdie proses, is om stelselmatig in die maalkolk van vreemde leer ingesuig te word. Al die pogings wat hier genoem is, het ten doel gehad om hierdie saak reg te stel. Stelselmatig het die fokus van ons pogings verskuif van die verandering van die besluit en die teologie, na pogings om ons te distansieer teen hierdie nuwe teologiese tendense. Dit was veral na afloop van die BAKV waar dit duidelik geword het dat die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 van die 69e AKV nie toevallig was of weens verwarring geneem is nie. Die besluit van die BAKV is met dieselfde meerderheid geneem as die meerderheid waarmee 54/69 geneem is. Die nuwe afwykende teologiese denke het die oorheersende denkpatroon in die NHKA geword. Dit het duidelik geword dat 'n verdere beswaarskrif of 'n protes geen positiewe resultaat sal bewerkstellig nie.

### **Die BESWAARSKRIF**

Die beswaarskrif het baie duidelik aangedui dat daar op ten minste een punt 'n vreemde leer verteenwoordig word in die besluit wat geneem is. Daar is ook duidelik aangedui dat daar 'n feitefout in die besluit self is. 'n Feitefout, wat nadat dit aan die kaak gestel is dat dit nie korrek is nie en dan tog gehandhaaf word, verword het tot 'n oortreding van die negende gebod. Dit word 'n leuen. 'n Besluit van die AKV moet op die Skrif, waarheid en feite gebaseer wees. 54/69 is gebaseer op 'n wanvoorstelling van 'n sogenaamde besluit van die 68ste AKV. 54/69 stel: 'In die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se **besluit** dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid 'apartheid' goed te praat...'. Volgens bl 103 ev. van die Besluitebundel van die 68ste AKV was die besluit van die vergadering soos volg: *"Die saak word terugverwys vir verdere studie. Die volgende voorstel van drr PB Boshoff en FJ Boshoff **word in ag geneem**: Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat. Dit lê nie op die weg van die Algemene Kerkvergadering om politieke beleide goed, of af, te keur nie. Hierdie erkenning beteken nie dat die Algemene Kerkvergadering die huidige of moontlike toekomstige beleid goedkeur nie."* Daar was dus nie so 'n besluit geneem soos wat die dosente in 54/69 beweer het nie. Die beswaarskrif het die fout uitgewys. Die feitefout het verword tot die leuen wat gehandhaaf word en het sodoende 'n oortreding van die negende gebod geword.

### **Die BAKV**

Tydens die Buitengewone Algemene Kerkvergadering was die saak veronderstel om reg gestel te word. Dit was gou duidelik uit die bespreking dat die beswaardes 'n baie sterk saak het. Geen oortuigende teologiese argumente is na vore gebring nie. Die transkripsie van die BAKV sal duidelik aantoon dat die voorsitter saam met die die voorstanders van 54/69 'n sekere klimaat geskep het vir die besluite wat geneem is. Die regte stemming is geskep vir die besluite ter ondersteuning van 54/69. Die

bespreking het telkens terug gegaan na 'n bespreking oor apartheid, sonder dat die voorsitter sprekers tot orde geroep het. Selfs persoonlike aanvalle wat teen beswaardes geloods is, is deur die voorsitter toegelaat. Bitter min van die inhoud van die Beswaarskrif het ter sprake gekom. Toe die vergadering uiteindelik oorgegaan het tot stemming, was dit gou baie duidelik dat afgevaardigdes uit lojaliteit stem.

### **Die BESLUIE**

Daarmee saam is uit die voorsitterstoel ook elke keer die Kommissie van die AKV afgespeel teen die Komitee van Beswaardes. Die vergadering is byvoorbeeld beïnvloed uit die voorsitterstoel wat gestel het, "dat dit darem jammer sal wees indien daar 'n vreemde leer of dwaalleer in die Kerk sou wees". Lojale ampsdraers het waarskynlik gestem soos hulle gedink het dat dit van hulle verwag word. Net so is aan die vergadering gesuggereer dat dit jammer sal wees indien die AKV self moet erken dat hulle besluit *ultra vires* is. Dit sou die saak teen die AKV ernstig in die hof kon skaad. Op beide punte 4.1 en 4.2 in die agenda van BAKV sou 'n mens kon verwag dat die vergadering die beswaarskrif gelyk sou gee. (4.1 "Is die besluit oor Beskrywingspunt 54 'n leerbeslissing soos bedoel in Ordinansie 1.2 van die Kerkorde en moet daarmee gehandel word volgens hierdie Ordinansie?" en 4.2 "Is die besluit oor Beskrywingspunt 54 'n verandering van enige van die belydenisskrifte soos beoog in Ordinansie 1.3 en moet daarmee gehandel word volgens hierdie ordinansie?") Die beswaarskrif is egter met meerderhede van 66% en 69% van die hand gewys. Op 5.1 is die saak van *ultra vires* duidelik en tog besluit 67% van die vergadering teen die beswaarskrif. Dit laat allerlei vrae ontstaan of al die lede van die vergadering werklik bewus was van waarom dit gegaan het.

### **Die INLIGTINGSTUK**

Die Inligtingstuk het reeds op uitgebreide wyse die sake wat die kern van ons oortuigings verwoord, aan almal bekend gestel. Die Inligtingstuk wou op 'n positiewe manier dien as wekroep vir die NHKA. Die reaksie van die Moderamen was om by wyse van 'n skrywe die verspreiding van die inligting te probeer stuit.

Teen hierdie agtergrond kan dit nie anders nie as dat gestel word: "Hierby staan ons". Alle moontlikhede is ondersoek en ontgin, net om telkens gestuit te word deur die maghebbers in die Kerk se geledere. Ons protesteer in dieselfde gees as die "*Protestation*" wat op die Ryksdag te Spiers in Duitsland in 1529 ingedien is, ons protesteer ook teen die meerderheidspolities in kerklike sake. Dit laat ons met geen ander keuse nie, ons moet stel:

## **Verklaring: Die EVANGELIE IS OP DIE SPEL**

Staat van belydenis: Ons protesteer en stel dat die Waarheid van die Woord van God op die spel is en dat die moontlikhede om regstelling te bewerkstellig, uitgeput is. Dit is die oortuiging dat die BAKV duidelik uitgewys het daar geen verdere opsies ten opsigte van gesprek is nie. Die **Leer** van die Kerk en die **Waarheid** is in gedrang.

### **Opsomming van staat van belydenis**

<b>Aard van Beswaar</b>	<b>Tema</b>	<b>Skrifgedeeltes</b>	<b>Belydenisskrifte</b>
Die Leer	Beeld van God in die mens	Gen. 1:27, 9:6 Jak. 3:9 Rom. 8:29 1 Kor 15:49 2 Kor 3:18 Gal 5:16-17 Ef 4:24 Fil 2:15-16 Kol 1:15; 3:9-10 Heb 1:1-3	NGB 14,15 HKS 2,3. DL 3,4
Die Leer	Leer en lewenskewessies	Eks 20, Deut 5, Mark 12	HKS 34-44
Die Leer	Vervlakking van teologie	Openb, Hand 2	NGB 30
Die Leer; Etiek	Die huwelik in gedrang	Eks 20 Matt 5-7	HKS 41
Die Leer	Quia en quatenus	I Tim 3	NGB 2,3
Die Leer	Die Kanon	Openb 22	NGB 3,4,5,6,7
Die Waarheid	54/69 en die besluit wat nooit geneem is nie	Eks 20:16; 23:2 Spr 6:16-17; 12:22; 17:7; 29:12 Jes 28:15; 44:20 Jer 23:14,26-29 Hand 5:3-4; 20:30 Rom 1:25 2 Tess 2:9-122 Tim 4:	HKS 43

### **Die LEER:**

Hier is daar vele sake wat ter sprake kan wees. Dit is veral die Verlossingsleer en die leer oor Christus wat ter sake is. Die besluit (54/69) soos bekragtig, verbeeld duidelik 'n vreemde teologie wat herinner aan die Gnostiek. In die Beswaarskrif word die volgende gestel oor die stelling dat die "beeld van God in die mens is":

Die *imago Dei* vind gevolglik uitdrukking in die mens se handeling teenoor God. Die mens moet God reg ken, dank en prys. Hierdie regte verhouding met God staan bekend as die *iustitia originalis*. Indien 'n mens die *iustitia originalis* as die regte verhouding met God verstaan (as eksistensie van Godswëë), kan dit as 'n interpretasie van die beeld van God geld. Dit mag egter nie gebeur dat hierdie oorspronklike toestand oftewel die *imago Dei* 'n kwaliteit/eienskap van die mens, 'n woonplek van God word nie. Die konsep van die beeld van God as iets in die mens, is vreemd aan die verlossingsleer. Die gevolge van so 'n verstaan is onder andere dat die beeldskap nie as verhouding verstaan word nie, maar as deel van die mens se diepste wese (ontologies/essensieel). Die mens, of 'n deel van die mens, is nou beeld van God. Só verstaan, het die mens nie 'n Redder nodig nie, net 'n voorbeeld. As alternatief beteken dit dat die mens net gedeeltelik 'n verlosser nodig

het. Die gedagte is nie vreemd in die geskiedenis nie (Irenaeus het reeds die onderskeid getref tussen *imago* en *similitudo* en gestel dat die sondeval die *similitudo* vernietig het, maar dat die *imago* onvernietigbaar is). Die konsep is vreemd aan die Reformasie en strydig met ons Belydenisskrifte (NGB Artikels 14 en 15 asook HK So 2 en 3). Die mens is geskep na die beeld van God. Die mens is beelddraer van God ten opsigte van 'n verhouding met God en 'n opdrag en verantwoordelikheid. Die BAKV se besluit dat daar geen vreemde leer teenwoordig is in 54/69 nie, is nie korrek nie. Die beeld van God is nie in die mens nie. Die mens het nie die een of ander goddelike vonk, 'n *habitus* van God in die mens nie. Geen mens kan God se beeld in 'n ander mens skaad nie.

Dit bly merkwaardig dat daar in die kringe rondom die KommAKV en die Teologiese Opleiding skynbaar geen waardering bestaan vir die teologiese erfenis van ons Kerk nie. Die hele wye wêreld se teoloë word in hulle geskrifte aangehaal, maar dit is skynbaar 'n skande om terug te verwys na die teologiese werke van die gelowiges en ampsdraers wat ons voorgestaan het in ons Kerk.

Hier kan verwys word na die proefskrif van prof. HP Wolmarans, *God en Mens. Die Mens naar die beeld van God*, 1932. Hier verwys Wolmarans (bl. 123) na die Duitse teoloog, Schleiermacher, 1768 - 1834, wat praat van die mens as die beeld van God en so by 'n panteïsme uitkom. Dit is maar 'n graadverskil van die beeld van God in die mens. Tog merkwaardig: as daar kennis was van die teologiese erfenis in ons eie kerk, sou hierdie dwaling vermy kon gewees het. Maar aan die ander kant is dit seker vir die *meester ontginners* van die waarheid van God se openbaring onmoontlik om te aanvaar dat die waarheid van God se openbaring reeds in Afrikaans tot hulle beskikking is.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die AKV 'n vreemde teologiese konsep aanvaar het deur te stem dat die beeld van God in die mens is. Die Soteriologiese en Christologiese gevolge is verreikend. Ons distansieer ons van hierdie vreemde konsep en verstaan dit as 'n dwaling en 'n neiging tot Gnostiese denke. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verklaar dat ons bly by die ware geloof wat die kerk bely. Ons roep die AKV daartoe op om opnuut die totale verlorenheid van die mens te bely en enige gedagte van die beeld van God *in die mens* te versaak

### **Die LEER:**

Die teologiese agtergrond waarteen 54/69 asook die opvolgbesluit van die BAKV geneem is, verteenwoordig 'n vreemde horisontale teologie wat nie eie is aan die

NHKA se ryke teologiese tradisie nie. Reeds in 1983 het die AKV onverkort enige vorm van sosiale evangelie asook die teologie van die rewolusie verwerp. Die NHKA het afsonderlike ontwikkeling as 'n lewenskwessie gesien, terwyl die WARC dit as 'n leersaak bestempel het. Met die neem van 54/ 69 asook die verskansing van dié besluit by die BAKV, het die AKV duidelik gekies vir 'n teologie wat van 'n lewenskwessie 'n leersaak maak. Daarmee saam het die BAKV ook 'n nuwe besluit geneem wat die verlede van die NHKA tot 'n sogenaamde "ketterse verlede" verklaar. Dit is 'n ingrypende afwyking in die rigting van die horisontale teologie van die liberalisme. Die verskansde besluit (54/69) verloën ook die evangelie van Jesus Christus as die opgestane HERE. Die NHKA het nog altyd vasgehou aan die evangelie van Jesus Christus as verlosser van die mag van sonde en dood. Die kerk verstaan die evangelie nou as een van "*deernis van God*". Hierdie is 'n ernstige afwyking van die evangelie soos dit deur die eeue heen verkondig is.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n teologie aangegryp het wat van 'n lewenskwessie 'n leersaak maak. Hierdie teologie is in lyn met die denke van die ekumene wat naas 'n sosiale agenda geen saak het om te verkondig nie. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verklaar dat ons bly by die ware geloof wat ons Kerk bely soos verwoord in Ordereël 1 van die Kerkorde. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer tot die reformatoriese teologie soos verwoord in die leer van die Belydenisskrifte.

### **Die LEER:**

Die vervlakking van die NHKA se Ekklesiologie (leer aangaande die Kerk) is tipies van 'n verlies aan Eskatologiese (leer oor die eindtyd) visie. Die voete-was ikoon versinnebeeld 'n tonnelvisie van diensbaarheid as agent van sosiale verandering as enigste roeping van die Kerk. Die kerkleiding se vervormde idee van die roeping van die Kerk blyk uit die ondersteuning wat gegee word aan die verandering na missionale gemeentes (vgl Inligtingsvergadering 2012). Aanklank by die gedagtes van die "emerging church" gee blyke van 'n verskraalde teologie wat gryp na bemarkingstruiks om die Kerk te laat "oorleef en relevant wees"

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n teologiese rigting inslaan waar die heil van die mensdom gesoek word in die huidige bestel, en wel by wyse van sogenaamde "sosiale geregtigheid". Ons distansieer ons van hierdie denke en bely sóós die kerk en sáám met die kerk met die betekenis wat die kerk daaraan heg wat sy geloof uitgedruk het in die drie Formuliere van Eenheid. Ons roep die NHKA daartoe op om weer die vergesigte van 'n wederkoms en die volle rykdom van God se verlossende genade raak te sien.



### **Die LEER: ETIEK:**

Die etiek wat in die NHKA aangehang word, dui ook op die aanvaarding van die etiek van die huidige samelewing as dominant, met verbygaan van dit wat in die Skrif teruggevind word. Die sewende gebod, asook die hele Bybel (vgl Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus) verstaan die verhouding tussen een man en een vrou as binne die wil van God. Dit laat geen ruimte vir 'n intieme verhouding tussen twee persone van dieselfde geslag nie. Ten spyte van die 68e en die 69e AKV se besluite, is die kerkleiding se stilswye 'n goedkeuring van die bevordering van praktiserende homoseksualiteit wat deur die meerderheid van die Kuratorium en dosente goedgepraat en goedgekeur word. Daarmee saam stel die NHKA se eie amptelike *facebookblad* dat die AKV se besluit teen homoseksuele verhoudings 'n klad op die Christendom is. In vele publikasies deur dosente in die openbare media en akademiese tydskrifte blyk dit dat daar nie meer 'n waardering vir die huwelik as instelling van God is nie. Daarmee saam word dieselfde platforms gebruik om almal te oortuig dat homoseksualiteit nie 'n sondige begeerte of lewenswyse is nie.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die AKV 'n teologie aanhang wat nie erns maak met die Bybel as die Woord van God nie en derhalwe 'n etiek onderskryf wat aan die sosiale voorskrifte van politieke korrektheid dienstig is. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en hou vas aan die drie Formuliere van Eenheid wat in ooreenstemming met die Woord van God is. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer na die Bybelse leer soos dit uiteengesit word in die Heidelbergse Kategismus waar die Tien Gebooue behoorlik uitgelê word.

### **Die LEER:**

Die AKV bevat al hoe meer stemme wat vanaf kansels verkondig dat die belydenisskrifte nie onverkort en sonder interpretasie gehandhaaf kan word nie. In opdrag van die 69e AKV moet daar selfs 'n interpretasie van die geloofsbelydenis gepubliseer word om nuwe grense te kan trek. Die dosente maak dit ook duidelik dat "kritiese wetenskap" vereis dat daar anders met die belydenisskrifte omgegaan moet word. Hierdie benadering deur die dosente en die predikante van die AKV wat gestem het ten gunste van 'n interpretasie van die belydenisskrifte, het nie rekening gehou met die proponentsformule wat alle predikante onderteken het en waar hulle reeds verklaar het: "*die leer wat uitgedruk is in die NGB, HK en DL ... is in ooreenstemming met die Woord van God. **Ek beloof om in hierdie leer te volhard***". Dit kan tog nie gebeur dat daar sonder 'n gravamen "interpretasies" van die belydenisskrifte onderneem word nie. Die gedagte dat die geloofsbelydenisse en die belydenisskrifte interpreteer moet word, is meer in lyn met die "*quatenus*" standpunt van die vrysinnigheid.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat nou opgetree word asof die Kerkorde die *quatenus*-standpunt in die proponentsformule sou duld en goedkeur. So 'n stelling bring die eerbaarheid van die bestaande en lojale ondertekenaars van die formule in gedrang, want hulle het almal die formule geteken omdat dit die *quia*-standpunt verwoord. Ons distansieer ons van hierdie nuwe denke en hou vas aan die verklaring soos dit onderteken word deur proponente wat toegelaat is as predikante.

### **Die LEER:**

Binne veral die Teologiese Opleiding het dit aanvaarbaar geword om uit die sogenaamde Q-bron en die Thomas-evangelie aan te haal. Dit word gebruik ter staving van argumente met diepgaande teologiese gevolge. By die 2012 Inligtingsvergadering het 'n dosent selfs gestel dat die Handeling van Petrus ('n apokriewe geskrif), 'n noodsaaklike hermeneutiese sleutel is tot die verstaan van die briewe van Petrus. Hierdie benadering is slegs moontlik indien Artikels 3 - 7 van die NGB van die tafel afgevee word. Die Reformatoriese beginsel van *Scriptura Sui Ipsius Interpres* word ook deur hierdie benadering verwerp. Dit blyk dat veral die dosente kan optree en in kerklike kringe dinge kan sê wat in teenpraak is met die proponentsbelofte. Dit is 'n oop vraag of die KommAKV, nadat hulle die Opleiding van predikante aan die Staat oorhandig het, nog enige seggenskap het oor daardie opleiding.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die AKV die belydenisskrifte verontagsaam, terwyl hulle met die ondertekening van die proponentsformule die teendeel belowe het. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verklaar dat ons bly by Ordinansie 1.1.2 Die AKV word daartoe opgeroep om te erken dat slegs die 66 boeke opgeneem in die Bybel ons Kerkboek, gesagvol is. Ons roep die NHKA daartoe op om die Bybel as Woord van God te aanvaar en as enigste gesagvolle bron vir prediking en teologiese navorsing vir die Kerk, soos die Kerkorde dit uitspel.

### **Die WAARHEID:**

Eksodus 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie" Lees daarmee saam die Heidelbergse Kategismus Sondag 43: *Vraag: Wat eis die negende gebod? Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, **niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoed en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en***

*in alle ander handeling* **moet ek die waarheid liefhê**, en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder. En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie. Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie? Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie." (Joh. 8: 45-47), (cf Prof Dr BJ Engelbrecht, Die Wet van God). Die negende gebod vereis van ons om in alle gevalle die waarheid te koester en die leuen te verwerp, ongeag omstandighede en die prys wat betaal moet word. Die waarheid moet suiwer toegepas word. 54/69 bevat duidelik 'n feitefout, soos voorheen aangedui. Indien daar dan pogings aangewend word om die fout weg te praat, beteken dit dat die Kerk die leuen begin beskerm met allerhande slim praatjies en subtiele dreigemente rondom hofsake. Indien die Kerk die negende gebod oortree, het die Kerk homself begin sien as 'n grootheid wat uitstyg bokant God en sy gebod. Woorde wat verdraai word, is volgens ons belydenisskrifte 'n oortreding van die negende gebod. Met die stemming deur die BAKV is hierdie gebod oortree deur die inhoud van die AKV-besluit 54/69 vir alle tye as aanvaarbare leuen te aanvaar.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die NHKA die oortreding van die negende gebod goedkeur en so die kern van die evangelie aantast. Hierdie saak is van kardinale belang en volharding in die oortuiging soos deur die Kerk verwoord in 54/69, is om ongehoorsaam aan die Bybel op te tree en met meerderheid van stemme te regverdig. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verstaan onself as die egte voortsetting van die egte NHKA. Ons roep die NHKA daartoe op om te erken dat die BAKV en die 69e AKV die negende gebod oortree het. Die NHKA moet beide die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV, asook die opvolgende besluit van die BAKV onvoorwaardelik herroep.

In al hierdie sake wat die eer van God, die verlossing deur Jesus Christus, die ewige Seun van God, verkondig en wat vir ons die belofte van die ewige lewe gegee het, kan ons nie toegewings ten opsigte van die verkeerde besluite of denke van die (georganiseerde) meerderheid van die AKV maak nie.

Al wat ons kan verwag, is dat die AKV sal terugkeer van die verdwaalpad waarop hy hom begewe het. Hierdie vreemde teologiese pad word duidelik in die AKV se besluit om "apartheid" tot 'n sonde te verklaar, soos die NG Kerk sinodes dit ook gedoen het. Deur in dieselfde asem die "sondige verlede" van ons Kerk te verwerp, skaar die AKV hom by die NG Sinode van 1837 wat die Groot Trek veroordeel het en hunker hy skynbaar daarna om saam met die Verenigende Nederduitsch Gereformeerde Kerk van die Wes-Kaap die Belhar-belydenis te aanvaar.

Ons kan hierin, en in die ander sake wat ons genoem het, die leiding van die AKV nie volg nie; ook omdat die bewoording van AKV besluit 54/69 nie teen die eise van die negende gebod staande kan bly nie.

Die propagering van 'n moraal-teologie, waarvan Martin Luther aan die begin van die 16e eeu die enorme tekortkomings uitgewys het, is vir ons 'n vreemde optrede. Dit terwyl die Bybelse geskrifte van die apostel Paulus minagtend geïgnoreer word.

As dit 'n poging is om aanvaarding binne die wêreld van die sosialisme en die ekumene te kry, is dit teologies gesproke 'n doodloopstraat al mag dit korttermyn stoflike voordele inhou. Ons staan by ons staat van belydenis en is ontroer oor die koers van die AKV rondom die laaste eeuwisseling.

<p>Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord.</p>
---